



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

ELEKTRIESE TEGNOLOGIE - (KRAGSTELSELS)

RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE (PAT)

GRAAD 12

2021

Hierdie riglyne bestaan uit 40 bladsye.

INHOUDSOPGAWE

	BLADSY
1. INLEIDING/AGTERGROND	3
2. RIGLYNE VIR ONDERWYSERS	4
2.1 Hoe om die PAT te administreer	4
2.2 Hoe om die PAT'e na te sien/assesseer	4
2.3 PAT-program van Aassessment (PvA)	5
2.4 Moderering van PAT'e	6
2.5 Afwesigheid/Nie-inlewering van take	6
2.6 Simulasies	7
2.7 Projekte	7
2.8 Werkende Puntetaat	8
3. RIGLYNE VIR LEERDERS	9
3.1 PAT 2021-dekblad	9
3.2 Instruksies vir leerders	10
3.2 Verklaring van Egtheid	10
4. SIMULASIES	11
4.1 Simulasie 1: RLC-seriestroombaan	11
4.2 Simulasie 2: Driefasetransformator	15
4.3 Simulasie 3: Vorentoe-agtertoe-aansitter met oorbelasting	19
Fasetblad vir Simulasie 3: Vorentoe-agtertoe-aansitter	22
4.4 Simulasie 4: Driefase outomatiese ster-delta-aansitter met oorbelasting en tydreëlaar wat PLB gebruik	23
Fasetblad vir Simulasie 4: Driefase outomatiese ster-delta-aansitter met oorbelasting en tydreëlaar wat PLB gebruik	28
5. AFDELING B: ONTWERP EN MAAK	29
5.1 Ontwerp en maak: Deel 1	30
5.2 Assessment van die ontwerp-en-maak-fase: Deel 1	33
5.3 Ontwerp en maak: Deel 2	35
5.4 Assessment van ontwerp-en-maak-fase: Deel 2	36
6. PROJEKTE	37
6.1 Praktiese projek 6.1: Soldeerbout-temperatuurbeheer-stroombaan	37
6.2 Praktiese projek 6.2: Omkeerder 100 W 12 VDC na 230 VAC deur IK 4047 – IRF 540	38
6.3 Praktiese projek 6.3: Outomatiese LUD-noodlig	39
7. GEVOLGTREKING	40

1. INLEIDING

Die 18 Kurrikulum- en Asseseringsbeleidsverklaringsvakke wat 'n praktiese komponent bevat, sluit almal 'n praktiese assesseringstaak (PAT) in. Hierdie vakke is:

- LANDBOU: Landboubestuurpraktyke, Landboutegnologie
- KUNSTE: Dansstudies, Dramatiese Kunste, Musiek, Ontwerp, Visuele Kunste
- WETENSKAPPE: Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtingstegnologie, Tegniese Wetenskappe, Tegniese Wiskunde
- DIENSTE: Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies, Toerisme
- TEGNOLOGIE: Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie, Meganiese Tegnologie en Ingenieursgrafika en -ontwerp

'n Praktiese assesseringstaak(PAT)-punt is 'n verpligte komponent van die finale promosiepunt vir alle kandidate ingeskryf vir vakke met 'n praktiese komponent en tel 25% (100 punte) van die eksamenpunt aan die einde van die jaar. Die PAT, wat afgebreek word in verskillende fases of 'n reeks kleiner aktiwiteite wat die PAT opmaak, word in die eerste drie kwartale van die skooljaar geïmplementeer. Die PAT bied die geleentheid om die leerders op 'n gereelde basis gedurende die skooljaar te assesseer en maak ook voorsiening vir die assessering van vaardighede wat nie in 'n geskrewe formaat geassesseer kan word nie, bv. 'n geskrewe toets of eksamen. Dit is dus belangrik vir skole om te verseker dat alle leerders die Praktiese Asseseringstake binne die toegelate tydperk voltooi om te verseker dat hulle aan die einde van die skooljaar uitslae kry. Die beplanning en uitvoering van die PAT verskil van vak tot vak.

Praktiese assesseringstake word ontwerp om 'n leerder se vermoë om 'n verskeidenheid vaardighede te integreer, om probleme op te los, te ontwikkel en te illustreer. Die PAT gebruik ook 'n tegnologiese proses om die leerder in te lig oor die stappe wat gevolg moet word om 'n oplossing vir die probleem voorhande te vind.

Die PAT bestaan uit vier of meer simulاسies en 'n praktiese projek. Die onderwyser kan enige EEN praktiese projek kies en enige TWEE van die beskikbare simulاسies gebruik.

Die onderwyser moet deurgaans assessering toepas terwyl die leerder besig is om die nodige vaardighede te ontwikkel. TWEE simulاسies moet deur die leerders voltooi word, saam met die vervaardiging van 'n praktiese projek.

Die PAT sluit al die vaardighede in wat die leerder regdeur die jaar ontwikkel het. Die PAT verseker dat leerders al die verskillende vaardighede aanleer deur praktiese werk te voltooi, asook die korrekte gebruik van gereedskap en instrumente.

Vereistes vir aanbieding

'n Leerder moet die volgende voorberei:

- PAT-lêer met al die bewyse van simulاسies, ontwerp en prototipering. 'n Kopie van die PAT 2021-voorblad. Die betrokke simulاسies en assesseringsblaaie moet gekopieer word en aan elke leerder gegee word om by die lêer in te sluit.
- Praktiese projek met:
 - Omslag/Omhulsel:
 - Daar moet 'n ontwerp in die lêer wees.
 - Die omslag/omhulsel en die ontwerp moet by mekaar pas.
 - Geen kartonhouers word toegelaat nie.
 - Plastiek- en metaalomslae/-omhulsels sal aanvaar word.
 - Omhulsels/Omslae wat deur die leerders vervaardig en/of saamgestel is, word verkies.
 - Die omslag/omhulsel moet vir bestudering toeganklik wees.
 - Deksel wat vasskroef, word verkies.

- Strookbord ('circuit board'):
 - Die strookbordontwerp ('PCB design') moet in die lêer wees.
 - Die strookbordontwerp ('PCB design') moet op so 'n wyse binne die omslag/omhulsel gemonteer wees dat dit verwyder kan word indien nodig. Alternatiewelik kan die inspeksie vanaf die onderkant gedoen word in gevalle waar deursigtige omhulsels gebruik is.
 - Skakelaars, potensiometers, verbindinge en ander items moet gemonteer wees.
 - Bedrading moet netjies en gebind wees.
 - Bedrading moet lank genoeg wees sodat die strookbord verwyder en met gemak nagegaan kan word.
- Kenteken/Logo en naam:
 - Die lêer moet die kenteken/logo, naamontwerp en spesifikasieplaatjie bevat.
 - Kenteken/Logo, naam en spesifikasieplaatjie moet duidelik op die omslag/omhulsel verskyn.
 - Die kenteken/logo/spesifikasieplaatjie moet permanent aangebring wees – gevef, vasgeplak of vasgeplak met viniel.

Die PAT sal 'n finansiële invloed op die skool se begroting hê en daarom moet skoolbestuurspanne vir hierdie besondere uitgawe voorsiening maak.

PAT-komponente en ander items moet betyds, voor die einde van die eerste kwartaal aan die begin van die akademiese jaar, vir leerders se gebruik aangekoop word.

Dit is die verantwoordelikheid van die departementshoof om toe te sien dat die onderwyser van die begin van die skooljaar af met die PAT vorder.

Provinsiale departemente is verantwoordelik vir die opstel van modereringsroosters en daarom moet PAT'e betyds vir moderering gereed wees.

2. RIGLYNE VIR ONDERWYSERS

2.1 Hoe om die PAT'e te administreer

Onderwysers moet toesien dat leerders die simulاسies wat vir elke kwartaal nodig is, voltooi. Die projek moet in Januarie begin word om te verseker dat dit in Augustus voltooi is. Waar formele assessering plaasvind, moet die onderwyser hierdie verantwoordelikheid aanvaar.

Die PAT moet gedurende die eerste drie kwartale voltooi word en moet teen die aanvang van PAT-moderering gereed wees. Onderwysers moet kopieë van die relevante simulاسies maak en aan die begin van elke kwartaal aan leerders gee.

Die PAT mag nie die werkswinkel verlaat nie en moet te alle tye in veilige bewaring wees wanneer die leerder nie daaraan werk nie.

Die gewigstoekennings van die PAT moet nagekom word en onderwysers mag nie die gewigstoekennings vir die verskillende afdelings verander nie.

2.2 Hoe om die PAT'e na te sien/te assesseer

Die PAT vir graad 12 word intern opgestel en geassesseer, maar ekstern gemodereer. Alle formele assessering word deur die onderwyser gedoen.

Van die onderwyser word verwag om 'n **werkende model en model-antwoordlêer** op te bou wat die assesseringstandaard vasstel teen 'n Hoogs Bevoegde Vlak vir elke keuse van projek wat die leerders doen. Hierdie lêer moet al die simulاسies met antwoorde insluit wat deur die onderwyser self gedoen is. Die onderwyser sal die modelantwoorde en projek gebruik om die simulاسies en projekte van die leerders te assesseer.

Sodra 'n fasetblad deur die onderwyser voltooi is, word assessering as afgehandel beskou. **Geen herassessering sal gedoen word nadat die fasetbladsye voltooi is** en deur die onderwyser vasgelê is nie. Leerders moet seker maak dat die werk op die verlangde standaard gedoen is voordat die onderwyser die PAT gedurende elke fase finaal assesseer.

2.3 PAT-program van Assessering (PvA)

Die assesseringsplan vir die PAT is soos volg:

TYDPERK	AKTIWITEIT	VERANTWOORDELIKHEID
	Voorbereiding vir PAT 2021	Onderwyser – Bou die modelle en werk die modelantwoorde vir die 2021-simulasies uit. Identifiseer tekortkominge t.o.v. gereedskap, toerusting en verbruikbare items vir simulasies wat in 2021 aangekoop moet word SBS – Ontvang aankoopversoeke van onderwysers en prosesseeer betalings vir die aankoop van die items benodig
Januarie–Maart 2021	Simulasie 1	Onderwyser – Kopieer en deel simulasies uit Leerders – Voltooi simulasies Onderwyser – Assesseeer simulasies Departementshoof – Gaan na of take voor die vakansie voltooi en deur die onderwyser nagesien is
Januarie 2021	PAT-projek: aankope	Onderwyser – Kry kwotasies vir PAT-projekte Hoof – Keur PAT-aankope vir PAT-projekte goed Onderwyser – Maak seker dat PAT-projekte bestel en afgelewer word Departementshoof – Maak seker dat onderwyser aan die vereistes van die proses voldoen
Februarie 2021	PAT-projek: leerders begin met projek	Onderwyser – Maak seker dat PAT-projekte veilig bewaar word Onderwyser – Deel PAT-projekte uit en neem dit in Onderwyser – Sluit praktiese sessies elke week in sodat leerders die PAT-projek kan voltooi Leerder – Begin met die voltooiing van die PAT-projek Departementshoof – Sorg dat onderwyser op 'n weeklikse basis praktiese werkwinkel-sessies met leerders het
April–Junie 2021	Moderering van Simulasie 1	Distriksvakfasiliteerder/Vakkundige sal die skool besoek en Simulasie 1 modereer 10% van leerders se werk word gemodereer
April–Junie 2021	Simulasie 2	Onderwyser – Kopieer en deel simulasies uit Leerders – Voltooi simulasies Onderwyser – Assesseeer simulasies Departementshoof – Gaan na of take voor die vakansie voltooi en deur die onderwyser nagesien is
April–Junie 2021	PAT-projek: leerders gaan voort met projek	Onderwyser – Maak seker dat PAT-projekte veilig bewaar word Onderwyser – Deel PAT-take uit en neem dit in Onderwyser – Sluit elke week praktiese sessies in sodat leerders die PAT-projek kan voltooi Leerders – Gaan voort met die voltooiing van die PAT-projek Departementshoof – Sorg dat onderwyser op 'n weeklikse basis praktiese werkwinkel-sessies met leerders het
Julie-vakansie 2020	PAT-ingryping	Leerders wat met die PAT agter is, moet die projek gedurende hierdie vakansie voltooi.
Julie– Augustus 2021	Moderering van Simulasie 2	Distriksvakfasiliteerder/Vakkundige sal die skool besoek en Simulasie 2 modereer – ander leerders as in die vorige kwartaal 10% van leerders se werk word gemodereer
Julie– Augustus 2021	PAT-projek: voltooiing	Onderwyser – Maak seker dat PAT-projekte veilig bewaar word Onderwyser – Deel PAT-take uit en neem dit in Onderwyser – Voltooi die PAT-projek saam met leerders en stel die PAT-lêer saam Leerders – Voltooi die PAT-projek en -lêer Departementshoof – Gaan na of 100% van die PAT-lêers en -projekte voltooi en nagesien is
September – Oktober 2021	PAT-moderering	PAT-projekte word deur vakfasiliteerders/vakkundiges van die provinsie gemodereer en leerders is beskikbaar om vaardighede te demonstreer 10% van leerders word lukraak gemodereer

2.4 Moderering van die PAT'e

Provinsiale moderering van elke kwartaal se simulasies sal so vroeg as die daaropvolgende kwartaal begin. Simulasie 1 moet gemodereer word sodra die tweede kwartaal begin. Net so moet Simulasie 2 in Julie gemodereer word. Die projek sal egter eers gemodereer word wanneer dit voltooi is.

Gedurende moderering van die PAT moet die leerder se lêer en projek aan die moderator voorgelê word.

Die modereringsproses verloop soos volg:

- Gedurende moderering word leerders lukraak geselekteer om die verskillende simulasies te demonstreer. Beide simulasies sal gemodereer word.
- **Daar word van die onderwyser verwag om 'n model vir elke projektype te bou wat vir die skool geselekteer.**
- **Hierdie model moet gedurende moderering ten toon gestel word.**
- **Die onderwyser se model vorm die modereringstandaard op Vlak 4 (Hoogs Bevoeg).**
- **Vlak 5-assesserings moet die onderwyser se model ten opsigte van vaardigheid en afwerking oortref.**
- Leerders wat gemodereer word, sal gedurende moderering toegang tot hulle lêers hê en kan na die simulasies wat hulle vroeër in die jaar voltooi het, verwys.
- Leerders mag NIE gedurende moderering hulp by ander leerders vra NIE.
- Alle projekte en lêers moet vir die moderator uitgestal word.
- **Indien 'n leerder nie die simulasie kan herhaal nie of nie 'n werkende kring tydens moderering kan lewer nie, sal punte afgetrek word en kringe as nie-werkend geassesseer word.**
- Die moderator sal lukraak nie minder nie as **twee projekte** (nie simulasies nie) selekteer en daar sal van die betrokke leerders verwag word om te verduidelik hoe die projek vervaardig/gemaak is.
- Waar nodig, moet die moderator die leerders kan versoek om die funksie en werksbeginsels te verduidelik en ook die leerder versoek om die vaardighede wat deur die simulasies bekom is, vir modereringsdoeleindes te vertoon.
- Na moderering sal die moderator, indien nodig, die groep se punte op- of afwaarts aanpas, afhangend van die uitkoms van moderering.
- Gewone eksamenprotokol vir appèl moet gevolg word indien 'n dispuut weens aanpassings ontstaan.

2.5 Afwesigheid/Nie-inlewering van Take

Indien daar sonder 'n geldige rede geen PAT-punt vir Elektriese Tegnologie beskikbaar is nie: Die leerder sal drie weke voor die aanvang van die finale jaareindeksamen gegun word om die ontbrekende taak in te lewer. Indien die leerder sou versuim om aan die uitstaande PAT-vereiste te voldoen, sal so 'n leerder 'n nul (0) vir daardie PAT-komponent ontvang.

2.6 Simulasies

Simulasies is kringe, eksperimente en toetse/take wat die leerder sal moet bou, toets en meet en prakties doen as deel van die ontwikkeling van praktiese vaardighede. Hierdie vaardighede moet gedurende die skooljaar aan die eksterne moderator, wat met tussenposes die skool besoek, gedemonstreer word.

Onderwysers wat rekenaargebaseerde simulasiëprogramme gebruik, mag dit gebruik vir leerders om op te oefen. Daar word egter vereis dat die kring met regte komponente gebou word en dat lesings met werklike instrumente vir assesserings- en modereringsdoeleindes geneem word.

Die korrekte prosedure vir die voltooiing van simulasies word hieronder uiteengesit vir onderwysers en skoolbestuurpanne wat vir die implementering van die PAT in Elektriese Tegnologie verantwoordelik is.

- STAP 1: Die onderwyser sal die simulasies selekteer uit die voorbeelde verskaf.
- STAP 2: Stel 'n komponentelys wat vir elke simulasië benodig word, saam. Voeg ekstra komponente by aangesien hierdie items baie klein is en jy ekstra items gaan benodig omdat dit verloor/beskadig word wanneer leerders daarmee werk.
- STAP 3: Kontak drie verskillende verskaffers van elektroniese komponente vir vergelykbare kwotasies.
- STAP 4: Lê die kwotasies aan die SBS voor vir goedkeuring en die aankoop van die items.
- STAP 5: Stoor die komponente. Organiseer items vir elke simulasië om dit gedurende praktiese sessies makliker uit te deel en te gebruik. Maak seker dat verskillende waardes van komponente nie meng nie, om te voorkom dat die komponente verkeerd gebruik word omdat dit die komponent kan beskadig en, in uiterste gevalle, die toerusting wat gebruik word.
- STAP 6: Kopieer die relevante simulasies en deel dit aan die begin van die kwartaal aan leerders uit.

Onderwysers word toegelaat om kringe en komponentwaardes aan te pas om by hulle omgewing/bronbesikbaarheid te pas.

Onderwysers moet 'n stel voorbeeldantwoorde in die onderwyserportefeuille ontwikkel.

Moderators sal die onderwyser se voorbeeldantwoorde en voorbeeldprojek tydens moderering gebruik.

2.7 Projekte

Die projekte wat hieronder beskryf word, is konstruksieprojekte wat onderwysers vir hulle leerders kan selekteer. Hierdie projekte word op bewese kringe gebaseer wat deur skole en vakadviseurs verskaf is. Die projekte word op werkende prototipes gebaseer en vereis noukeurige konstruksie om korrek te funksioneer.

Projekte verskil in koste en onderwysers moet seker maak dat die projekte wat gekies is, binne die skool se begroting val.

Sodra die onderwyser op 'n kring besluit het, moet hy/sy die prototipe bou. Daarna kan kopieë van die kring wat verskaf is, gemaak word en aan leerders uitgedeel word. Hulle MOET hierdie kringe korrek in hulle lêers oorteken.

Die beskrywing van die werking van die kringe is NIE volledig NIE. Leerders moet die funksie van die komponente in die kring wat verskaf is, ondersoek om nadere besonderhede te bekom. Hulle moet uitbrei oor die doel van komponente in die kring. Daar word aanbeveel dat daardie leerders soortgelyke kringe ondersoek wat op die internet en in die skoolbiblioteek of in werkswinkelverwysingsbronne beskikbaar is.

2.8 Werkende puntestaat


('n Werkende Excel-lêer word saam hierdie PAT verskaf)

PAT-puntestaat		Kwartaal 1	Kwartaal 2	Projek		Totaal = Kwartaal 1 + Kwartaal 2 + Projek 250	Punt uit 100	Moderator-punt
Nr.	Naam van Leerder	Simulasie 1 50	Simulasie 2 50	Ontwerp en Maak Deel 1 120	Ontwerp en Maak Deel 2 30			
1								
2								
3								
4								
5								
6								
7								
8								
9								
10								
11								
12								
13								
14								
15								
	Totaal							
	Gemiddeld							

Onderwyser Naam _____ Moderator: _____ Hoof: _____

Handtekening: _____ Handtekening: _____ Handtekening: _____

Datum: _____ Datum: _____ Datum: _____



3. RIGLYNE VIR LEERDERS

PAT 2021-dekblad (Plaas hierdie bladsy voor aan die PAT.)

Departement van Basiese Onderwys
Graad 12
KABV vir Tegniese Hoërskole
Praktiese Assesseringstaak – Elektriese Tegnologie

Toegelate tyd: Kwartaal 1–3 (2021)

Leerder Naam: _____

Klas: _____

Skool: _____

Spesialisering: Kragstelsels**Voltooi enige TWEE simulasies.****Projek (Skryf die naam van die projek): _____****Bewyse van moderering:****LET WEL:**

Wanneer die leerderbewyse wat geselekteer is, op skoolvlak gemodereer is, sal die tabel bewyse van moderering bevat. Provinsiale moderatore sal die provinsiale moderering teken en slegs teken indien hermoderering nodig is.



Moderering	Handtekening	Datum	Handtekening	Datum
Skoolgebaseer				
Provinsiale moderering			Hermoderering	

Punttoekenning

PAT-komponent	Maksimum Punt	Leerderpunt	Gemodereerde Punt
Simulasie 1	50		
Simulasie 2	50		
Ontwerp-en-maak-projek – Kring	120		
Ontwerp-en-maak-projek – Kassie/Omslag/Omhulsel	30		
Totaal	250		

3.1 Instruksies vir die leerder

- Hierdie PAT tel 25% van jou finale promosiepunt.
- Alle werk wat jy doen, moet jou eie wees. Groepswerk en saamwerk word nie toegelaat nie.
- Die praktiese assesseringstaak moet oor drie kwartale voltooi word.
- Die PAT-lêer moet **2** simulاسies en 'n praktiese projek bevat.
- Berekeninge moet duidelik wees en eenhede insluit. Berekeninge moet tot TWEE syfers afgerond word. SI-eenhede moet gebruik word.
- Kringdiagramme kan met die hand geteken word of met ROT ('CAD'). GEEN fotokopieë of geskandeerde lêers word toegelaat NIE.
- Foto's word toegelaat en kan in kleur of grysskaal ('greyscale') wees. Geskandeerde foto's en fotokopieë word toegelaat.
- Leerders met identiese foto's sal gepeenaliseer word en nul (0) vir daardie deel ontvang.
- Hierdie dokument moet binne-in jou PAT-lêer saam met die ander bewyse geplaas word.

3.2 Verklaring van Egtheid (VERPLIGTEND)

Verklaring:

Ek _____ (Naam) verklaar hiermee dat die werk in hierdie lêer heeltemal my eie is. Ek verstaan dat indien die teendeel bewys word, my finale uitslae teruggehou mag word.



Handtekening van leerder

Datum

4. SIMULASIES**4.1 Simulasie 1: RLC-seriestroombaan**

Naam van leerder: _____		Punt <div style="border: 1px solid black; width: 100px; height: 100px; margin: 0 auto; display: flex; align-items: center; justify-content: center;"> 50 </div>
Klas: _____	Datum Voltooi: _____	
Assesseringsdatum: _____	Assessor Handtekening: _____	
Modereringsdatum: _____	Moderator Handtekening: _____	

4.1.1 Doel:

- Verstaan die werking van 'n weerstand, induktor en kapasitor in 'n serierekring met 'n wisselstroomtoevoer.
- Verstaan resonansiefrekwensie.
- Vergelyk die gemete en die berekende waardes.


4.1.2 Prosedure:

- Bou die serie-RLC-stroombaan in FIGUUR 4.1.4 op die eksperimentbord met behulp van die komponente verskaf.
- Verbind die stroombaan aan 'n funksiegenerator.
- Stel die uitsetspanning van die funksiegenerator op 3 V piek tot piek met 'n frekwensie van 1 kHz.

4.1.3 Benodighede:

KOMPONENTE	GEREEDSKAP EN TOERUSTING
R ₁ = 1 kΩ-resistor L ₁ = 1 μH-induktor C ₁ = 1 μF-kapasitor	Multimeter Funksiegenerator Verbindingsdrade Eksperimentbord Sykniptang Tang Ossilloskoop

4.1.4 **Kringdiagram:**



FIGUUR 4.1.4: RLC-STROOMBAAN

4.1.5 Voltooi TABEL 4.1.5 deur die waardes van V_R , V_L , V_C , V_t en I_t gemeet in te vul.
LET WEL: Alternatiewelik, meet met die ossilloskoop en skakel om na V_{rms} -waardes.

METERS GEKOPPEL OOR:	LESINGS
V_R	
V_L	
V_C	
V_T	
I_T	

TABEL 4.1.5

(5)

4.1.6 Bereken die volgende:

(a) Die induktiewe reaktansie van die induktor

(3)

(b) Die kapasitiewe reaktansie van die kapasitor

(3)

- (c) Die impedansie van die stroombaan (3)

- (d) Die totale stroom in die stroombaan met behulp van berekende waardes (3)

- (e) Die spanningsval oor die weerstand met behulp van berekende waardes (3)

- (f) Die spanningsval oor die induktor met behulp van berekende waardes (3)

- (g) Die spanningsval oor die kondensator met behulp van berekende waardes (3)

- (h) Die resonansiefrekwensie vir die stroombaan (3)

4.1.7 Vergelyk die gemete waardes met die berekende waardes en vul die waardes in die tabel hieronder in:

HOEVEELHEDE		GEMETE WAARDES	BEREKENDE WAARDES
(a)	Totale stroomvloei		
(b)	Weerstandspanning		
(c)	Induktorspanning		
(d)	Kapasitorspanning		
(e)	V_{XC} by resonansie		
(f)	V_{XL} by resonansie		

Is die gemete en berekende waardes dieselfde? **Ja of Nee.**

Motiveer:

(2)

4.1.8 Stel die funksiegenerator op die resonante frekwensie en teken die waarde van: (4)

$V_{XC} =$ _____ (V)

$V_{XL} =$ _____ (V)

$V_R =$ _____ (V)

$I_T =$ _____ (A)

4.1.9 Maak 'n gevolgtrekking oor die metings wat in VRAAG 4.1.8 waargeneem is wanneer die stroombaan op resoneer. (3)

VLAKBESKRYWING				PUNTE VERWERF
0	1	2	4	
Die kandidaat kon nie die kring op sy eie bou nie.	Die kandidaat kon die kring gedeeltelik op sy eie bou.	Die kandidaat kon die kring korrek met die hulp van die onderwyser bou.	Die kandidaat kon die kring korrek sonder hulp van die onderwyser bou.	
Die kandidaat kon nie die meetinstrumente koppel nie.	Die kandidaat kon die meetinstrumente gedeeltelik korrek in die kringbaan koppel.	Die kandidaat het die meetinstrumente korrek gekoppel en die spanning en stroom met die hulp van die onderwyser gemeet.	Die kandidaat het die meetinstrumente korrek gekoppel en die spanning en stroom op sy eie gemeet.	

(12)
[50]

4.2 Simulasie 2: Driefasetransformator

Naam van leerder: _____		Punt: <table border="1" style="width: 100px; text-align: center;"><tr><td>_____</td></tr><tr><td>40</td></tr></table>	_____	40

40				
Klas: _____	Datum voltooi: _____			
Assesseringsdatum: _____	Assessor handtekening: _____			
Modereringsdatum: _____	Moderator handtekening: _____			

4.2.1 Doel:

- Om drie identiese enkelfase-verlagingstransformators in ster-delta aan 'n driefasetoevoer te koppel.
- Verbind die sekondêr aan 'n las wat bestaan uit drie identiese gloeilampe wat in delta gekoppel is.
- Meet die primêre en sekondêre lyn- en fasespannings en -strome.

4.2.2 Benodigdhede:


GEREEDSKAP/INSTRUMENTE	VERBRUIKBARE VOORRAAD
Drie identiese verlagingseenkelfase-transformators Driefasetoevoer Klammeter en multimeter Draadstroper Langbektang Skroewedraaier Sykniptang Isolasietoetser (Megger)	Verbindingsdrade Drie identiese gloeilampe

4.2.3 Prosedure:

Verbind die primêre wikkings van elke transformator aan die toevoer en die sekondêre aan die las (lamp).

Voltooi TABEL 4.2.3 deur die primêre en sekondêre spanning van elke enkelfasetransformator te meet voordat jy dit in ster-delta-konfigurasie verbind.

LET WEL: Gebruik 'n enkelfase om aan te sluit ('live' en 'neutral').



FIGUUR 4.2.3: DRIE ENKELFASETRANSFORMATORS

TRANSFORMATOR	PRIMÊRE SPANNING	SEKONDÊRE SPANNING
A	$V_{\text{Prim(A)}} =$	$V_{\text{SEK(A)}} =$
B	$V_{\text{Prim(B)}} =$	$V_{\text{SEK(B)}} =$
C	$V_{\text{Prim(C)}} =$	$V_{\text{SEK(C)}} =$

TABEL 4.2.3

(6)

4.2.4 Bereken die transformatorverhouding van elke enkelfasetransformator met behulp van die spanningswaardes van TABEL 4.2.3.

TRANSFORMATOR A	TRANSFORMATOR B	TRANSFORMATOR C
TR =	TR =	TR =


(3 x 3)

(9)

4.2.5 Verduidelik of hierdie transformators geskik is om as 'n ster-delta gekoppelde driefase-eenheid gebruik te word.
LET WEL: U antwoord moet deur berekenings van die transformatorverhouding ingelig word.

(2)

- 4.2.6 Teken die stroombaandiagram waarin hierdie transformators in 'n ster-delta-konfigurasie gekoppel is deur kleurkodering en korrekte byskrifte te gebruik. Toon die verbinding van die las.



(9)

STER-DELTA-KONFIGURASIE-TRANSFORMATOR

LET WEL: 3 punte vir primêre verbinding (3 x lyn en 1 neutraal)
3 punte vir sekondêre verbinding (3 x lyn)
3 punte vir lasverbinding (3 x lyn)

- 4.2.7 Verbind DRIE identiese enkelfase-verlagingstransformators in ster-delta met 'n driefasetoevoer.
Verbind die primêre (ster) met die driefasetoevoer en die sekondêre (delta) aan 'n las wat bestaan uit drie identiese gloeilampe. Die lampe moet ook in delta gekoppel wees.

LET WEL:

Die sekondêre spanning van die transformator is nie kritiek nie. Die enigste vereiste is dat die sekondêre spanning en die spanning van die lampe verenigbaar is.

Dit is die plig van die onderwyser om te verifieer dat die leerders die transformators korrek verbind voordat hulle die netspanning aansluit. Skakel nie aan as jy nie heeltemal seker is van jou verbindings nie. Toets vir kortsluitings. Die hoofvoorraad kan dodelik wees. Wees uiters versigtig.

4.2.8 Meet die primêre en sekondêre lyn- en fasespanning en -strome. Teken die lesings in die tabel hieronder aan.

Primêre kant		
Lesings vir lynspannings, fasespannings en lynstrome		
$V_{L1} \text{ \& } V_{L2} =$	$V_{L1} \text{ \& } N =$	$I_{L1} =$
$V_{L1} \text{ \& } V_{L3} =$	$V_{L2} \text{ \& } N =$	$I_{L2} =$
$V_{L2} \text{ \& } V_{L3} =$	$V_{L3} \text{ \& } N =$	$I_{L3} =$
Sekondêre kant		
Lesings op lynspannings, fasespannings en lynstrome		
$V_{L1} \text{ \& } V_{L2} =$	$I_{F1} =$	$I_{L1} =$
$V_{L1} \text{ \& } V_{L3} =$	$I_{F2} =$	$I_{L2} =$
$V_{L2} \text{ \& } V_{L3} =$	$I_{F3} =$	$I_{L3} =$

(18)

4.2.9 Bereken die primêre skynbare krag.

(3)

4.2.10 **GEVOLGTREKKING:** Jou gevolgtrekking moet op die tabel hierbo en ander waarnemings gebaseer wees .

(3)

[50]

4.3 Simulasie 3: Vorentoe-agtertoe-aansitter met oorbelasting

Naam van leerder: _____		Punt: <table border="1" style="width: 100px; height: 30px; text-align: center; vertical-align: middle;">40</table>
Klas: _____	Datum voltooi: _____	
Assesseringsdatum: _____	Assessor handtekening: _____	
Modereringsdatum: _____	Moderator handtekening: _____	


4.3.1 Doel:

